ONS TIENERS SE EIE AFRIKAANSE WEEKBLAD IN KLEUR

TINA

NUUT!
NUUS EN PRYSE
Stroke en stories
15c weekliks

Deel IV Nr. 23

kol*skoot



musiek

JEFF BECK van die B.B.A.-groep, **Beck, Bogert en Appice,** leier van die derde groep wat ná die **Yardbirds** ontstaan het. Verlede jaar is Jeff se grootste droom verwesenlik toe hy 'n groep gevorm het met saks Bogert en Carmine Appice wat eers aan **Vanilla Fudge** verbonde was. In Maart vanjaar het B.B.A. hul eerste plaat **Big Cat Moan** vrygestel en dit was 'n reuse-sukses. Toe hul onlangs voor 15 000 mense in die Crystal Palace, Londen, opgetree het, was die fans só oorstelp dat hul in die water geval het in die grag wat die gehoor van die verhoog skei. Daar's nou vir jul entoesiasme! (Foto: Robert Taylor, Londen, Omnia Press, Parys.)

hello!

Ag, orraait, almal neul so oor M. dat ek nou vir hom gaan skryf om my maar terug te vat . . . as hy wil. Dis naar om die middelpunt van afkeur te wees, veral as die man so gaaf soos my (gewese) Rus was. Tant Em het vandag vir die eerste keer weer vir my kom kuier in my woonstelletjie.

Terug op die spoor,

tina

POSBUS 1802, KAAPSTAD.

top-tiener

Sproetgesigman met die groot glimlag is Wimpie Ernst van Kingshighway 376, Lynnwood, Pretoria. (Laat weet gou as dit miskien 316 is, hoor!) Minitiener Wimpie se stokperdjies is „trampolien, bouvliegtuie, ysskaats, geweere en perde". Jy kry een van die dae R5 om aan hulle uit te gee, ou besie.



Hierdie ronde blom is van vilt gemaak, laat my haastig verduidelik voordat iemand weer sug. Dit is 'n tafelmatjie, baie mooi as jy 'n kleiner blom op die onderste een vasplak. Mens kan 'n hele klomp maak, vir die skottels ook, en jy kan servetringe ook maak. Vriendin sit nou juis en brei servetringe van tou om by haar bruin-en-beige tafelmatjies te pas. Is jou ma se verjaardag in die nabye toekoms? Of het jy 'n dierbare tante of twee wat 'n stelletjie sal koop?

rolprente

Josephine Chaplin, dogter van meester Charlie, gaan die hoofrol vertolk in **Isabella of Spain.** Glenda Jackson sou eers die rol vertolk, maar om die een of ander duistere rede het Josephine haar vervang. Josie sal heelwat ouer gemaak word vir die film se laaste tonele. Sy het al ses films gemaak en was die afgelope twee jaar hoofsaaklik in Frankryk aan die werk. Hulle het hope talent, die Chaplingesin, en dit sal 'n heerlike rolprent wees. (Foto: Franta Barton, Omnia Press, Parys.)

Dis nou wat ek graag scu wou doen: op 'n perd klim en ry en ry en ry. Evelyne Coquet en Cormne Coquet en hul hond het van Parys vertrek op 'n oorlandtrek na Jerusalem. Dit was bitter ver, oor berge en deur dale. Weet nie of die oorlog hul weg versper het nie, maar ek hoop van harte hulle plus hond het uitgekom waar hulle wou wees. Was dit maar ek!

vra virtina

Jettie van N. het op 'n manier met 'n taamlike wilde spul deurmekaar geraak. Was net motorfietse en wildgeit en nogal dwelmmiddels ook, maar net een of tweekeer. Nou wil sy daardie spul los, maar sy sê sy sal nie vriende hê nie, en sy wil weet of twee keer se dagga rook haar 'n dwelmslaaf maak. En hoe gaan sy haar ouers oortuig dat sy nou (op 17) 'n nuwe blaadjie omgeslaan het?

Wel, jy sal heel eerste onmiddellik van die groep moet afskeid neem. Daag eenvoudig nie op nie, en as hul jou kom soek, laat jou pa hul verwilder. Sê vir jou ouers wat jou plan nou is, en bieg sommer jou hele storie. Hulle sal waarskynlik verstaan dat dit die dagga was wat al die moeilikheid veroorsaak het, en sal bly wees om te weet dit was nie die werklike jy nie. Jy was bitter stout, om dit sagkens te stel, maar aangesien jy nou die lig gesien het, sal ek nie preek nie. Dagga is baie gevaarlik want dit KAN die brein aantas, maar twee keer sal nie van jou 'n slaaf maak nie. Ek hoop jy vind gou weer maats, maar hou jou maar tuis tot jy seker is watter soort mense hulle is. Voorspoed, hoor, en welkom terug.

Vir Ma en Sus, vreeslik ouderwets en baie vroulik. Mens kan hulle sommer sien by die pragtige koperpotte, of in die statige voorhuis, met geelhout en so aan. Ai, ek raak moeg vir langbroeke. Dis ewig dieselfde en mens verloor skoon belangstelling in jou voorkoms. Kom ons dra rokke, wat. Dis Wolmerk-klere op die foto, waarvoor ons die Wolraad bedank.

Wanneer teddie dokter toe gaan . . . hou hy net niks daarvan nie. Soos alle klein mensies, moet Teddie gereeld vir 'n ondersoek gaan. Maar Teddie is nie 'n klein mensie nie . . . hy is 'n klein „Franse" bruin beertjie minder as 'n jaar oud. Soos meeste klein mensies is hy egter sku vir 'n besoek aan omie-dokter en slaan vierpoot vas wanneer hy uit die dieretuin gelei word. Soos 'n soet seuntjie het Teddie egter met die omie-dokter maats gemaak en hom toegelaat om sy ondersoek uit te voer. Daarna is hy skoon orig van blydskap om uit te kom!

PAULA die weeskind


SY IS NOG STEEDS BAIE WAARDEVOL VIR ONS!
WAT BEPLAN HY NOU WEER?!
HULLE IS WOEDEND VIR MY OMDAT EK HUL PLANNE IN DIE WAR GESTUUR HET!
VOOR 'N OU HUIS...
MY BROER WAS 'N BEROEMDE BEELDHOUER EN NÁ SY DOOD WAS SY WERKE BAIE GELD WERD...
KOM, PAULA!
ALICE IS OOK DAAR:
WAAROM IS SY TERUG?
SY HET VERBROU!
SY MOET VERGOED!
PAULA SNAP GOU EN...
BEELDHOU- WAT BETEKEN DIT?
A, ONS GAAN HAAR WERK AS 'N ,OORSPRONKLIKE LOMAN' VERKOOP! HOE KLINK DIT?!
SY VERTREK:
HM! DIT LYK NIE SLEG NIE!
GMF! GEMENE BEDRIEËRS!
JY HET VOLKOME GELYK! MAAR JY HET MY BAIE GELD LAAT VERLOOR! ROER DUS JOU LITTE EN KRY KLAAR...!
PAULA BEGIN WEER WERK EN..
HY SLAAP!
INTUSSEN...
MEV. LOMAN!
GOEIEMIDDAG! IS PAULA DALK HIER!
28

VERVOLG

die wonderbaarlike juffrou Schoonegevel



EK SAL VIR JOU VERDUIDELIK WAT 'N POETSBAKKER IS, KWAN!
JUF. SCHOONEGEVEL! KYK NET HIER!
O, WAT NOU-!
NOU SNAP EK WAAROM DIE MEISIES SO GELAG HET! KYK NET! AS EK DIE SKULDIGE OPSPOOR, SAL EK HAAR SUMMIER UIT DIE SKOOL SKORS! DIS FINAAL!
EK IS GEK
LATER...
Die meisies van klas 3-B moet môre-oggend stiptelik om sesuur by die swembad wees.
Juf. Conradie
Lig. onderwy
AGGENEE! WAAROM NOU JUIS ONS-!
OM SESUUR-! DIS MOS NIE REGVERDIG NIE, JULLE!
VOLGENDE OGGEND:
BRRR! DIS YSKOUD!
DIT IS ONMENSLIK! MAAR...WAAROM DAAG JUF. CONRADIE DAN NIE OP NIE-! BRRR...!
MEISIES, GLO MY, EK WEET NIKS HIERVAN NIE! EK HET NIE DIE BRIEFIE GESKRYF NIE!
DAN MÓÉT DIT DIE GEHEIMSINNIGE POETSBAKKER WEES!
WEL, EK DINK GLAD NIE DIT IS SNAAKS NIE, HOOR!
WIE SOU DIT TOG WEES-! DALK EEN VAN DIE NUWE MEISIES...DIS NIE KWAN NIE, WANT SY PRAAT SKAARS AFRIKAANS!
LATER...
GRRRRR!
HELP!
GRRR!!
HELP! MOORD! BRAND!
JUF. PITT! WAT-!
HELP MY! IN DIE BIBLIOTEEK! 'N GROOT B-BEER!
DIE OPSIGTER WORD GEROEP...
NIKS TE SIENE NIE! MAAR...WAG! DAAR LÊ 'N BEERKOSTUUM WAT IN DIE SKOOLKONSERT GEBRUIK IS...
A, DIE SKULDIGE HET DEUR DIE VENSTER GESPRING!
AL WEER DIE POETSBAKKER!
LATER...
EK MÓÉT UITVIND WIE DIT IS! DAAR MOET 'N EINDE AAN GEMAAK WORD! AS SY BETRAP WORD, SAL SY GESKORS WORD! MAAR EERS MOET EK JUF. SCHOONEGEVEL SE OË MET MY WIT VERF OPKNAP...WAAR...-
MY WIT VERF IS WEG! JUF. PITT SE TOGA IS DAARMEE BESKILDER! O, NEE! DAN HET DIE PERSOON MY GEHEIM OOK ONTDEK! SY WEET NOU OOK DAT JUF. SCHOONEGEVEL 'N POP IS!
INSTRUKSIEBOEK
30

VERVOLG

BELINDA se stryd

KOM, ONS PRAAT NIE MEER OOR HAAT EN VERBITTERING NIE. DIT WORD TYD DAT ONS VERGEWE EN VERGEET!
MARY HET 'N GOEIE HART.. MAAR SAL DIE DORPENAARS SE GESINDHEID OOK VERANDER...?
SKIELIK...
EINA! MY OË! HELP MY...!
O, NEE! DIE MELK!
ALLES HET UITGELOOP!
MOENIE EERS OM VERSKONING VRA NIE! JY HET DIT MET OPSET GEDOEN...O HOE KON JY, MARY?!
BESKULDIG JY MÝ VAN ONVERSKILLIGHEID TERWYL JOU PA IETS VEEL ERGERS GEDOEN HET?! ONTHOU NET: JOU PA IS DIE MOORDENAAR VAN MÝ PA! EK SAL DIT NOOIT VERGEET NIE!
WAS DIT DUS NIE MET OPSET NIE?
DIE WIND HET SAND IN MY OË GEWAAI... MAAR NOU IS EK BLY DAT DIT GEBEUR HET...!
O, MARY, WAG DAAR! DIT WAS ALLES 'N MISVERSTAND! MOENIE LOOP NIE!
TOE...
DIE SKADUWEE! DIS DIE VROU VAN DIE VUURTORING!
SY'T VERDWYN! EN DIE WIND WAAI OOK NIE! SOU SY DIE SAND IN MARY SE OË GEGOOI HET?! MAAR...WAAROM?!
DAAR IS NIE 'N DRUPPEL MELK OOR NIE! EN EK HET MY WEER DIE VYANDSKAP VAN MARY OP DIE HALS GEHAAL...WAAR SAL DIT ALLES EINDIG?!
MAAR TUIS...
EK GLO DIT NIE...'N KOEI OP ONS WERF! SY SAL ONS VAN MELK VOORSIEN! DIE VROU VAN DIE VUURTORING MOES HAAR GEBRING HET! WAAROM HELP SY ONS?!
18

VERVOLG

MARTHA in die modewêreld



DIE VOLGENDE DAG...
ALMAL STAAR MY AL WEER AAN... EK MOET IETS DAAR AAN DOEN...!
LUISTER, ALMAL! JULLE WIL NET SO GRAAG SOOS EK HÊ DAT DIE VAKANSIE-SENTRUM HIER GEBOU MOET WORD! EN DIT SAL OOK GESKIED, KOM WAT WIL!
NOU HARDLOOP HULLE WEG! HULLE IS DOODBANG VIR DIE BROEDERSKAP...!
EN BY DIE SERSANT IS MARTHA OOK NIE SUKSESVOL NIE...
U...U WIL HÊ DAT EK MY MET DIE BROEDER-SKAP MOET BEMOEI...?! IS U STAPELGEK...?!
U VERSUIM U PLIG...EK SAL U LAAT AANKLA! EK GAAN DADELIK 'N TELEGRAM AAN MY BAAS STUUR!
BY DIE POSKANTOOR...
PARKER PARKORTEX JOHANNESBURG
Bandiete verydel werksaamhede aan vakansiesentrum+ stop+ staan bekend as die broederkap+ stop+ Hulp dringend nodig
LATER...
EK WAG AL DIE HELE DAG, EN NOG STEEDS NIE 'N ANTWOORD OP MY TELE-GRAM NIE! OF HET MNR. PARKER DALK DADELIK DIE VLIEGTUIG HIERHEEN GE-HAAL...?
TOE MARTHA NA HAAR KAMER TE-RUGKEER...
MOENIE DIE BROEDERSKAP PROBEER DWARSBOOM NIE!
O, NEE! WAT IS DIT?!
DIE TELEGRAM IS NOOIT VERSEND NIE! DIE BROEDER-SKAP BEHEER DUS SELFS DIE POSKANTOOR!
EN SKIELIK WORD MARTHA BANG...
EK...EK WOU SO GRAAG HIERHEEN KOM EN.. EN NOU BEGIN EK BANG RAAK...WAT SAL DIE UITEINDE HIERVAN WEES...?!
WAAR IS DIE OU-ITALIË WAAR-VAN EK GEDROOM HET...DIE GHITAAR-MUSIEK, DIE MAAN-SKYN EN DIE ROSE WAT OP MY BALKON GEGOOI SOU WORD?
SKIELIK HOOR SY MUSIEK ..
O...EK HOOR 'N GHITAAR...! DIT KOM VAN BUITE AF...!
IN DIE MAANLIG STAAN IEMAND ONDER MARTHA SE BALKON EN SPEEL...HY SING 'N OU LIEFDESLIED...

JENNY van die Wilde Weste

WAAR IS JY, KNAAP! KOM DADELIK TE VOORSKYN! JY KRUIP NATUURLIK ONDER 'N STRUIK WEG!
MAAR ONDER WATTER EEN...?
EK MOET DOODSTIL LÊ...HY IS 'N GEVAARLIKE SKURK! MY HART KLOP IN MY KEEL ..DALKIES HOOR HY NOG MY HART KLOP OOK. O, HIER KOM HY.!
AG, WAT KAN DIT MY OOK SKEEL OF DIE KNAAP 'N MEISIE OF 'N SEUN IS!
DAAR GAAN HY! WAT 'N VERLIGTING! MY HELE LYF BEWE...SJOE, EK HET GESKRIK!
EK MAG NIE HIER ALLEEN BLY NIE... EK MOET TERUGGAAN NA DIE WAENS TOE!
IEH..!
'N SLANG..!

Natalie
NATALIE HET VERTREK OM DIE GRAAF DU ROUILLAC TE GAAN WAARSKU. SKAARS IS SY DAAR, OF IEMAND KLOP AAN EN KOM BINNE...
DIT IS NATUURLIK DIE HERTOG... HY MAG MY NIE HIER SIEN NIE!
EK...EK GAAN MY AGTER DIE GORDYN VERSTEEK! HY IS GEVAARLIK!
JY IS 'N ONVERSTAANBARE MEISIE...IS DIT NIE DALK JOU VERBEELDING NIE?
DIT SPYT MY OM U SO LAAT IN DIE NAG TE STEUR, MONSIEUR!
EN WAARAAN HET EK HIERDIE BESOEK VAN U TE DANKE, EKSELLENSIE?
AS MY INLIGTING BETROUBAAR IS, IS U 'N VRIEND, 'N GOEIE VRIEND VAN DIE MARKIES DE MONTALLARC, NÉ?
DIE MARKIES IS INDERDAAD EEN VAN MY BESTE VRIENDE. EK MOET ERKEN DAT DIT MY OPREG SPYT DAT HY U BROER TYDENS 'N TWEEGEVEG GEWOND HET!
ONSIN!
HY HET HOM NIE GEWOND NIE...HY HET HOM GEDOOD!
EK MOET DAAR MET U VERSKIL, EKSELLENSIE. U BROER HET NET 'N LIGTE SKOUERWOND OPGEDOEN!
NIE NET 'N SKOUERWOND NIE, MONSIEUR DIE GRAAF, MAAR OOK IN DIE HART!
DIT KON NIE TYDENS DIE TWEEGEVEG GEBEUR HET NIE, WANT EK HET U BROER ONMIDDELIK DAARNÁ NOG IN LEWENDE LYWE GESIEN!
MISKIEN IS U OË NIE MEER TE GOED NIE...
37

MY OË IS UITSTEKEND, EKSELLENSIE!
WAAR HAAL U DIE GRENSLOSE BRUTALITEIT VANDAAN OM MY WOORDE IN TWYFEL TE TREK?!
DIE MARKIES HET MY BROER VERMOOR! IS DIT DUIDELIK GENOEG VIR U?!
MON DIEU! NATALIE WAS REG! HY IS 'N GEWETENLOSE MOORDENAAR!
NÁ DIE GEVEG HET HY SY HART MET 'N DOLK DEURBOOR!
EN AS U DIT NIE BEKEN NIE, LAAT EK U WEENS MEDEPLIGTIGING ARRESTEER!
?!
EK BLY BY MY VERKLARING, EKSELLENSIE! DIE MARKIES DE MONTALLARC HET U BROER NIÉ GEDOOD NIE! DIT IS DIE WAARHEID!
MY VRIEND...AS JY DAN NIE NA GOEIE RAAD WIL LUISTER NIE, IS DAAR MAAR NET ÉÉN MANIER OM ONS MENINGSVERSKIL OP TE LOS!
U HET U BROER LAAT VERMOOR! DEUR 'N BEROEPSMOORDENAAR!
WAT... WAT MOET EK NOÚ DOEN?!
38

BRIGITTE

BRIGITTE STARR! TELEFOON!
SY HET UIT-GAAN, MEV. MUNNIK! SY KON NIE LANGER TEEN DIE VAAL OU GORDYN VASKYK NIE!
SY HET SO LANK OP DIE OPROEP GEWAG EN NOU IS SY WEG! NEEM MAAR 'N BOODSKAP!
IN DIE TONEEL-WÊRELD WORD DIE PERIODE TUSSEN TWEE TONEELSTUKKE DIE 'RUS' GENOEM
MAAR NOU RUS EK NIE MEER NIE... EK VERROES NOU!
SEDERT DIE TONEELGESELSKAP UITMEKAAR GEGAAN HET, HET EK AS VERKOOPSDAME IN 'N WINKEL GEWERK...
HOU OP MET DROOM! VERGEET VAN DIE TONEEL EN VERKOOP DIE PARFUUM!
GMF! AS HY MAAR WEET HOE SLEG SY PARFUUMAFDELING RUIK! MAAR EK HET DIE GELD NODIG OM MY UITRUSTING AAN TE VUL.
DIE MENSE WEET NIE DAT 'N AKTRISE SELF VIR HAAR KLERE MOET SORG NIE!
JY IS GEEN TONEELSPEELSTER MEER NIE, BRIGITTE!
DAN SIEN EK 'N MUURBILJET...
WAAROM NEEM EK NIE DEEL NIE?! EK SAL ALLES DOEN OM WEER OP 'N VERHOOG OP TE TREE!
Magnum Club Vanaand TALENT-AAND! Jy kan 'n ster word
BINNE...
KOM JY ONS VERMAAK LIEFIE?
NOU JA... WIE NIE WAAG NIE, SAL NIE WEN NIE!
JY IS VOLGENDE, MEISIE!
A, DAARDIE MEISIE IS DIE BAAS SE NIGGIE. SY SAL BESLIS WEN, HOOR!

NOOIT GESIEN NIE! EK SAL HULLE WYS HOE 'N MENS MOET TONEELSPEEL!
O, MOENIE GAAN NIE! SONDER JOU IS DIE WÊRELD LEEG EN DONKER...!
TJOEPSTIL...DIE GEHOOR KLAP NIE EERS HANDE NIE!
KOM NOU, DAMES EN HERE! SY VERDIEN TOG APPLOUS!
SY VERDIEN NIKS NIE! SY WAS HOPELOOS, HOOR!
MOENIE GLO NIE! HULLE KLAP MAAR NET VIR JOU OMDAT JY DIE BAAS SE NIGGIE IS! EK IS...
MOENIE JOU STEM TEEN MY VERHEF NIE! EK SAL JOU LEER!
DIT WORD 'N PYNLIKE LES...
EINA! MY OOG!
SY KORT 'N PAK SLAE! KOM, EK GAAN KOOP VIR JOU BIEFSTUK...
...MET UIE EN SAMPIOENE EN LEKKER KOFFIE! MET ANDER WOORDE: 'N ETE SAAM MET DIE UWE: WYNAND SIEBRITZ! SAL JY SAAMKOM?
EK NEEM SY AANBOD AAN...
GITS, 'N AFSPRAAK - DEUR 'N BLOU OOG!
HOEKOM SO STIL, BRIGITTE?
AG, EK MOES LIEWERS 'N BOKSER IN PLAAS VAN 'N AKTRISE GEWORD HET!
MAAR JY WAS GOED! EERLIKWAAR! EK WOU JOU EINTLIK VRA OF JY NIE BY ONS AMATEURGESELSKAP WIL AANSLUIT NIE?!
DIE WOORD ‚AMATEUR' LAAT MY ALLE BELANGSTELLING VERLOOR...
DIT IS AL LAAT...EK MOET GAAN...
HY SAL HOM WAT VERBEEL AS HY DINK DAT EK BY AMATEURS SAL AANSLUIT...NEE DANKIE...!
MAAR NET TOE EK DIE LOSIESHUIS BINNESTAP...
NEE, BRIGITTE IS UIT! HOU TOG OP MET SKAKEL!
NEE, MOENIE NEERSIT NIE, MEV. MUNNIK! DIT MAG DALK VAN GROOT BELANG VIR MY WEES...!
2

VERVOLG

Petra
EK KON MY ORE NIE GLO TOE MY OUERS MY VERTEL DAT ONS NÁ KERSFEES NA OUMA SE HUIS SOU TREK NIE...!
EN NET TOE JURIE BELANGSTELLING IN MY BEGIN TOON...!
DIT IS AL ERG GENOEG DAT EK MOET AFSKEID NEEM VAN ANNELIESE! MAAR JURIE – HOE AAKLIG!
MAAR DIT TRAAK JULLE NIE!
HOE NOU, PETRA? AG, KOM KYK TOG NA DIE TROU-FOTO'S!
LYK HULLE NIE STRALEND NIE?! AI, 'N MOEDER BLY MAAR TROTS OP HAAR DOGTERS...!
NET SOOS EK TROTS IS OP HUL LIEWE MOEDER! TWEE JAAR GELEDE, OP KERSDAG, HET JY MY DIE GELUKKIGSTE POLISIEMAN OP AARDE GEMAAK, NE?!
GMF! HULLE KOER NES TWEE TORTELDUIFIES!
IS JY NOG NIE SPYT NIE?
O, NEE! NOU RAAK DIT TE ERG!
NIEMAND HET MÝ OOIT GEVRA OF EK WIL TREK OF NIE! MÝ MENING IS ONBELANGRIK!
O, PETRA! DIS ONREDELIK VAN JOU OM ONS DAAROOR KWALIK TE NEEM! ONS SAL LEKKER BLY IN OUMA SE HUIS!

EN HOU NOU OP MET DIE GESANIK! JY MOET JOU HUMEUR BETEUEL, JUFFROUTJIE!
JA, MAAR EK GAAN MY BESTE VRIEND VERLOOR! DINK MA NOU EK MOET DAAROOR LAG?!
EK WENS EK WAS KARIN! SY HOEF NIE LANGER NA JULLE PYPE TE DANS NIE!
PETRA, KOM TERUG! KOM MAAK VERSKONING!
EK WOU NIE! MAAR EK WAS AL KLAAR SPYT! EK WENS EK KON MET JURIE PRAAT...
NIEMAND VERSTAAN NIE! HOE KAN EK AFSKEID NEEM VAN JURIE?! O, EK KAN NIE!
DALK SAL JÚLLE VERSTAAN, EENDJIES! EK IS MOS NIE KINDERAGTIG NIE, NÈ?!
MAAR SELFS DIE EENDE DRAAI WEG...
EK GLO NIE ANNELIESE SAL MY SO BAIE MIS NIE...!
TÒG GAAN EK HAAR OPSOEK...
JAMMER, PETRA, EK'S HAASTIG! A, DAAR KOM DIE AMBULANS!
A-AMBULANS?! WAT HET GEBEUR?!
MY MA...SY HET GEVAL! SY HET BAIE PYN! MAAK TOG GOU!
TOE MAAR, ONS IS NOU DAAR!
ARME ANNELIESE! SY LYK BAIE BEKOMMERD! EN DAN KLA EK NOG OOR MÝ PROBLEME!
SOOS OUMA ALTYD GESÊ HET: DAAR IS ALTYD IEMAND WAT SLEGTER DAARAAN TOE AS JYSELF EN DUS...
KARIN, LIEFIE HOE GAAN DIT?!
O, MAMS! DIS AAKLIG HIER!
HONEYMOON HOTEL
EK WIL TERUGKOM!
JY KAN NIE VIR ELKE OU RUSIETJIE TERUGHARDLOOP HUIS TOE NIE, KARIN! EK WIL MY NIE VIR MY DOGTERS SKAAM NIE!

VERVOLG

PETER PAN


EK WEET NOU WAAR GORZO TUIS-GAAN! EK SAL DIE ARTIKEL SKRYF!
TRAP! GEE PAD VOOR MY OË!
HIER IS U SALA-RIS, ME-NEER!
EK WENS NET DIE BAAS WIL MY KANS GEE OM TE VERDUIDELIK...
PETER!
SITA! WAT MAAK JY HIER?! O JA, JY IS MOS OORGE-PLAAS...
ONDANKS ALLES WAT EK GESÊ HET, HOU EK NOG STEEDS VAN JOU, PETER! VERGEWE JY MY?
E...O, JA!
EK IS JOU BAIE DANKBAAR DAT JY NIE DIE BAAS VERTEL HET WAAROM EK DIE WERK AANVAAR HET NIE!
EK WEET JULLE HET DIE GELD NODIG, SITA!
ONS HET ÀL ONS SPAARGELD NODIG OM GORZO TE BETAAL!
KYK, EK WIL NIE OOR DAARDIE VENT PRAAT NIE! GOED?!
EK HET NIE DIE MOED OM HAAR TE VERTEL DAT EK ONTSLAAN IS NIE!
19



MAAR ÈK SAL GORZO OP SY PLEK SIT!
NA REGINALD SE HAARBOETIEK!
SEKERLIK, MENEER!
REGINALD
NIEMAND SAL MY HIERNA HERKEN NIE!
REGINALD
REGINALD HAARBOETIEK
EK KAN DIE GESPOT OOR MY ORE NIE LANGER VERDRA NIE!
EK BEGRYP VOLKOME, MENEER!
REGINALD HAARDESKUNDIGE
IETWAT LATER...
MAG EK HIERDIE BRIL MET DIE GEKLEURDE GLASE AANBEVEEL, MENEER?
AITSA!
PETER GAAN TERUG NA GORZO SE HOTEL:
EK MÓÉT DIE WERK KRY!
PERSONEEL GEVRA
INLIGTING BINNE
BINNEKORT...
38
KELNER! DIT KON NIE BETER NIE!
DIS GORZO! NOU MOET EK SORG DAT EK HIERROND BLY!
24
PETER DINK TERUG AAN SITA SE WOORDE...
GORZO LAAT PAPS VANDAG OP SY ONKOSTE NA SY HOTEL BRING!
DIE MIDDAG...
SITA SE PA! SY NEEM DIE HYSER!
HYSER


PETER GAAN NA DIE DERDE VERDIEPING...
MY LIEWE MNR. SMIT! EINDELIK!
DIS MY KANS!
SITA SAL MY VERMOOR MAAR...
EK HET AL ALLE HOOP OP GENESING LAAT VAAR!
ONS SAL U GENEES, MENEER...
ONS?! EK DOG DAN U SOU MY SELF GENEES HET...
JA, MAAR DAN MOET U 'N MAAND IN 'N KLINIEK IN SWITZERLAND DEURBRING!
MAAR... MAAR DIT IS BAIE DUUR!
DIT SAL R3 000 KOS...
ONS HET NET R1 500!
ONS MAG NIE UITSTEL NIE! EK SAL DIE RES BETAAL!
O, MENEER! U IS TE GOED VIR ONS!
MNR. SMIT SAL JOU 'N PAKKIE GEE WAT JY MOET TERUGBRING!
GOED, MENEER!
EK SAL DIT NOOIT VERGEET NIE, MENEER! EK STUUR DIE GELD SAAM!
EK BESPREEK VIR U PLEK OP VANAAND SE VLIEGTUIG.
O! EN NOU...?!
GORZO HAAL SY VERMOMMING AF...
DIE ARME SUKKELAAR!

VERVOLG

ELISE: die bedorwe brokkie




NEE, MY OUMA WOON ANDERKANT DIE BOS!
MOOI! DAARDIE GEBAAR IS BAIE GOED!
LATER PAK TRUDIE DIE KOSTUUM WEER IN...
OPPAS, JY KREUKEL DIT! EK SAL DIT IN MY KAS OPHANG!
JAMMER, ELISE EK MOET DIT MÔRE TERUGNEEM!
NEE! ONS HOU DIT HIER! GEE DIT TERUG!
ELISE, AS DIT NIE MÔRE TERUG IS BY DIE SKOOL NIE, GAAN EK RAASKRY!
NOU GOED DAN, AS JY SO SÊ...
MAAR TRUDIE SIEN NIE DIE GEMENE GLANS IN ELISE SE OË NIE...
VOLGENDE MÔRE...
EK RY NOU! TOT SIENS!
JA...GENIET DIE DAG OP SKOOL...
BY DIE KOSTUUMAFDELING...
HIER IS DIE KOSTUUM, MEV. BRINK! BAIE DANKIE!
DIS 'N PLESIER, TRUDIE!
TRUDIE BRITZ! KOM TERUG!
PROBEER JY SNAAKS WEES? DIS LEEG!
M...MAAR EK HET DIT SELF INGEPAK! DIS ONMOONTLIK!
O, NEE! ELISE! EK MOES SO IETS VERWAG HET!
DIT SPYT MY, MEV. BRINK...EK SAL DIT DADELIK GAAN HAAL!
TRUDIE HARDLOOP KLAS TOE...
MAG EK GOU HUIS TOE GAAN, MNR. VERSTER? EK IS NOU TERUG!
JA, GAAN MAAR...MAAK NET GOU!
38


ARME GEK WAT EK IS! EK MOES HAAR NOOIT GESÊ HET DAT EK IN DIE MOEILIKHEID SOU BELAND HET NIE!
PRAAT, ELISE WAAR IS DIT?!
GAAN WEG! MOENIE MY STEUR NIE!
EK WAARSKU JOU... GAAN HAAL DADELIK DIE KOSTUUM!
O, HOE SKRIK EK VIR JOU, MNR. WOLF! HA, HA, HA!
TRUDIE IS WOEDEND...
GAAN HAAL DIT! LUISTER NOU!
MEV. BRITZ! HELP MY!
WAT IS HIER AAN DIE GANG?!
O, MY SKOUER! DIS SEER...!
MAMS, EK MOES DIE KOSTUUM VAN ROOIKAPPIE VANOGGEND TERUGNEEM, MAAR TOE EK DAAR AANKOM, WAS DIE DOOS LEEG! ELISE HET DIT OPSETLIK GEDOEN SODAT EK SOU RAASKRY!
VAN ROOI...ROOIKAPPIE? DIT HANG IN MY KLEREKAS!
SO, JY GEE DUS TOE! JOU KLEIN...
M...MAAR EK MOES DIT OPHANG...ANDERS SOU DIT KREUKEL...
TRUDIE! SKAAM JOU OM ELISE DIE SKULD DAARVOOR TE GEE!
TRUDIE BESEF DAT HAAR MOEDER HAAR NIE SAL GLO NIE...
GAAN TERUG SKOOL TOE, TRUDIE!
BAIE GELUK, ELISE! DANKSY JOU HET EK MET NIE MINDER AS DRIE MENSE RUSIEGEMAAK NIE! TEVREDE?!
DRIE MENSE, NÈ? EK MAAK GOEIE VORDERING!
DRIE MENSE IS MAAR 'N BEGIN! AS EK MET JOÚ KLAAR IS, TRUDIE BRITZ, SAL JY NIE 'N ENKELE VRIEND MEER OORHÊ NIE!
39

VERVOLG

RALDA se vrees...



RALDA SLUIP DIE HUIS UIT...
NIE-MAND MAG MY SIEN NIE!
SY VIND GOU 'N KOPER.
IS DIT WERKLIK JOUNE...? A, HIER STAAN JOU NAAM! GOED, EK GEE JOU R15 DAARVOOR!
EK HOOP NIE IEMAND SIEN MY NAAM RAAK NIE!
EK AANVAAR DIT! BAIE DAN-KIE!
SY NEEM DIE GELD VIR MNR GERRITZ...
HIER IS DIE R15! U SAL NIEMAND VERTEL NIE, NÈ?!
NATUUR-LIK NIE!
DIE SKADE WAS BAIE MINDER! EK BAAT DAARBY!
LATER:
JY HET AL DIE MOEILIKHEID VER-OORSAAK, FLOORS! MAAR TOG IS EK LIEF VIR JOU!
TUIS...
RALDA! JOU TROFEE IS WEG!
DIT MOET GESTEEL WEES!
EK HET DIT WEGGE-PAK — DIE HERINNE-WAS TE STERK!
ONVERWAGTE BESOEK VOORKOM VERDERE VRAE
GOEIENAAND! IS AL DIE REËLINGS VIR DIE WEDSTRYD AL GETREF, MNR MORKEL?
WELKOM HIER, MAJOOR MARVIN! WEES GERUS - ALLES IS IN ORDE!
BERT, THEA EN RALDA RY SEKER OOK...
EK RY NIE, MAJOOR!
HAAR PERD IS KREUPEL!
NEE! NÁ MY VAL RY EK NIE MEER PERD NIE!
RALDA!
O, EK SIEN! NOU JA... EK MOET GAAN...
HOE DURF JY DIT VIR MAJOOR MARVIN SÊ?! JY STEEK ONS IN DIE SKANDE!
JY GEDRA JOU SWAK!
EK WIL NIE LEUNS VERTEL NIE!
10

ANNETTE — verkoopsjuffrou




EK NEEM HULLE NA DIE KOSMETIEKAFDELING TOE...
O, ANNETTE! HOE SKATTIG!
WAAR KRY JY DIE MOOI POP?
BY TANNIE ANNETTE!
AI, JY WORD BEDERF, NÈ?!
SELFS JUF. BLIGNAULT ONTDOOI HEELTEMAL...
IS JY TANT ANNETTE SE OUMA?
AITSA, JY GROET DAREM TE OULIK!
HM! EK GLO NIE JUF. BLIGNAULT VOEL BAIE GEVLEI NIE...!
DAARNA:
SJOE, MAAR EK IS DORS!
HOEVEEL KOS DIT?
OP!
NIKS! IEMAND HET AL DAARVOOR BETAAL! 'N MAN!
'N MAN?! WIE KAN DIT WEES?!
54
AARDE! HOE LYK HY?
BAIE AANTREKLIK, HOOR! LANG HARE...
SEKER 'N ONBEKENDE BEWONDERAAR! ROMANTIES, NÈ?!
JA...BAIE ROMANTIES!
WAAROM MOES BEN NOU JUIS HIER WEES?! OF VOLG HY ONS?!

VERVOLG



SKEDELEILAND

HOOFSTUK 5

Paul en Toby het terwyl hulle op 'n onbekende Karibiese eilandjie vakansie hou, die wrak van 'n ou seilskip in die koraalrif ontdek. Dit was Die Skim, wat behoort het aan kapt. Shatan, berugte seerower, wie se nasaat, mnr. Satanya, nog op die eiland woon. Satanya probeer Paul en Toby van die eiland afskrik, maar hulle kom stilletjies in die nag terug en sien sy jag op die meer. 'n Duiker is gereed om na die wrak af te gaan . . .

Deur sy verkyker sien Toby die duiker oor die rand van die jag klim. Hy wag 'n oomblik terwyl iemand sy apparaat nasien, los dan die leer en verdwyn in die glimmende swart water.

„Wat meen jy hoop Satanya om in die wrak te vind?" vra Toby.

„Goud, miskien, of skatte . . . hy het mos gesê die seerower het 'n skipvol goud geplunder voor hy self in die storm omgekom het. Hy reken seker dis nog in die wrak."

„Dink jy dit is?"

„Ja, ek dink so," sê Paul ná 'n oomblikkie. „Dis waarom hy ons probeer intimideer het — selfs sover gegaan het om die haaie bloeddorstig te maak. Om sy vet hande op so 'n fortuin te kry moet vir Satanya 'n paar lewens werd wees."

Hulle gesprek word al fluisterend gevoer. Die motorboot lê onsigbaar in die donkerte minstens honderd en neëntig meters van Satanya se jag, maar die warm windjie wat van Skedeleiland af waai ruik na geweld en die dood.

„Ek is gewillig om hiermee voort te gaan as jy is, Paul," sê Toby. „Ek bedoel, om daar anderkant te skuil en weer ondersoek by die wrak in te stel. Maar Satanya se streke is natuurlik nog lank nie klaar nie."

„Ja," stem Paul saam, „en as dit nog meer geweld beteken, moet ons Zero ook raadpleeg."

Hulle draai altwee om om na Zero te kyk. Dis te donker om die Kaaimaneilander se gesig te sien, maar die wit van sy tande gee hulle sy antwoord. Zero het geglimlag.

„Ek dink nog soos ek gedink het, kaptein," sê hy saggies. „Hierdie is 'n slegte eiland — baie voodoo. Maar dit was nie

Vervolgverhaal deur Opus Magnus

voodoo wat julle die moeras ingelei het of bloederige vleis in die meer laat val het om die haaie te lok nie. Dis 'n mens se werk, en Zero hou nie van so 'n soort mens nie."

Kort daarna is die motorboot diep onder die krans in. Die rotswand was gebreek en verweer, en hulle kon die grotte maklik bereik.

Helfte van die voorrade en die duiktoerusting het hulle aanboord gelaat en die res in een van die grotte gebêre. Vir 'n kwartier het hulle die grot verken. Dit het omstreeks vier-en-neëntig meter in die rotswand gestrek en toe hulle by 'n tonnel kom wat steil afwaarts loop het hulle teruggekeer, ontmoedig deur die bedompige donkerte. Nadat hulle Zero se kookkuns waardeer het, het hulle by die krans uitgeklim en met 'n verkyker bo op die gras gelê om die jag dop te hou.

Die bemanning het nog op die dek beweeg, maar daar was geen teken van die duiker nie. Die gedagte dat hulle wie weet hoe lank nog moet wag vir hom om sy verskyning te maak, laat Paul skielik 'n voorstel maak.

„Haai, hoekom swem ons nie sommer nou na die wrak nie?"

„Nou? Hierdie oomblik?"

„Waarom nie? Dan kan ons sien wat die duiker aanvang — en Satanya dink mos ons het die eiland verlaat. Ons kan ons toerusting in die grot aantrek en vandaar sommer die water inglip. Toe, weg is ons!"

Selfs Zero is hiervoor te vinde. Dit het moeite gekos om die strand van die grot af te bereik, maar toe het hulle slegs die glimmende wit lyn gevolg tot hulle by die meer gekom het. Hulle kyk vir oulaas na mekaar se toerusting en loop die. water in.

Die donkerte onderwater is senutergend. Baie na aan mekaar swem hulle oor die meer. By die koraalrif kom hulle versigtig na die oppervlakte om die wêreld te bekyk.

Ongeveer honderd - en - tagtig meters van hulle af lê die jag. Beide die boogligte is eenkant op die water gespits, seker om die duiker te help. Toe Paul knik sak hulle die dieptes in. Nou is hulle in lewensgevaar as hulle teenwoordigheid ontdek word!

Skielik lê die wit wrak, spookagtig in die lig wat van bo-af kom, voor hulle. Hulle hou maar na-aan die koraalrif bokant die wrak, terwyl hulle soek na tekens van die duiker.

Dis Toby wat hom eerste bespied. Hulle kon nie duidelik sien wat hy aanvang nie, maar hy is na aan die swart vierkant wat die deur na die agterstewe van die skip is. Hy het die skip heelwaarskynlik vanaf die voorstewe verken.

Paul raak aan Toby se arm en beduie na benede. Hy wil die duiker van nader af bekyk. Hulle val geluidloos van die rif af ondertoe totdat hulle met die minimum beweging van hulle paddavoete, net onderkant die wrak is, om dan onder die vryvoord nader te swem.



iets vir die oog

„Ek wil net gou spog met my oudste broer Johan," skrywe Mona Jacobs van Bartleweg 440, Umbilo, Durban 4001. „Hy het verlede jaar Matriek geskryf, was rugbykaptein van Campbell College se eerste span en prefek. Hou van skaak, blink uit in atletiek en swem goed. Hy braai my as hy die foto sien" . . . Nee, wat, daarvoor lyk hy darem glad te gaaf.

Daar is 'n leë geskutpoort in die vryboord bokant die agterdek. Hulle neem aan beide kante daarvan stelling in. Hulle is minder as vyf meter van die deur wat na die agterstewe lei. Die duiker is net aan 't buk om daardeur te gaan.

Meteens voel Toby Paul se vingers wat in sy arm grawe. Hulle kan die duiker se twee voete sien in die gang wat na die geslote deur lei — op die presiese plek waar Paul slegs ses-en-dertig uur vantevore sy bewussyn verloor het. En die duiker verkeer in die moeilikheid!

Dit was vrees wat Paul sy bewussyn laat verloor het — 'n blinde, wanhopige paniek oor iets van bose aard wat agter daardie deur aan die einde van die gang is.

Dis sonder twyfel vrees wat nou die duiker ook beetpak.

In die gangetjie waai sy arms wild rond. Hy gryp na die glibberige mure in 'n poging om om te draai en te ontsnap — en klou dan aan sy helm asof hy dit wil afruk. Sy vreesbevange bewegings, in vertraagde tempo, is aaklig om te aanskou.

Nóg Paul nóg Toby aarsel. Hulle werp hulle oor die vryboord en skop in die rigting van die deur.

Soos hulle dit bereik val die duiker op sy rug om.

Hy is bewusteloos. Hulle kan deur die glas van sy helm sy toe oë en oop mond sien. Die pyp wat sy lugtoevoer voorsien, blyk nog onbeskadig te wees, maar sy lewenslyn is om sy skouers gewikkel. Hy moes dit gebreek het in sy worsteling om uit te kom.

Paul sny met sy mes sy gordel met die gewigte af. Toby se arms is reeds om die man se borskas. Saam beur hulle boontoe met die dooie gewig van die bewustelose duiker tussen hulle.

Hulle kom 'n meter of wat van die jag se leertjie na bo. 'n Negermatroos klou aan die leer vas en gaap hulle met groot oë aan. Hulle stoot die slap liggaam van die duiker teen die leer vas totdat die Neger hom beetgekry het, en skop dan agteruit.

Vir 'n oomblik kyk Tobie op na die kant van die jag. Oral staar swart gesigte af na hom. Tussen hulle is een wit gesig, 'n breë maangesig, maar vir 'n oomblik is dit so verwronge dat dit 'n sekonde of wat is voor Toby Satabya herken.

Die vet man se gesig is lelik van haat en nyd. Soos hy afstaar na Paul en Toby is daar moord in sy oë. Toby sien dit raak, en gril voor hy homself agteroor in die glimmende water gooi en diep duik . . .

(Word vervolg)

* tina * sportief

Daar word dikwels vertel en gepraat oor broers en susters wat 'n sportsoort oorheers, maar daar sal ver gesoek moet word om twee broers te vind wat 'n sport meer oorheers as die twee Fransisco-broers, Manuel (links op die foto) en Silvino, van Kaapstad. Hierdie twee broers is die W.P. snoeker- en biljartkonings.

Hul suksesverhaal lees soos 'n sprokie. Hulle het in 'n Kaapstadse voorstad groot geword, en het van kleinaf reeds op hul pa se tafel agter sy kafee die balle in die gate begin rol. Hierdie twee, veral Manuel, is die houer van 'n paar rekords wat nie maklik oortref sal word nie.

Hy is die enigste speler wat dit nog kon regkry om in die snoeker- en die biljart-kampioenskapstoernooi van die wêreld tweede te eindig en in die snoeker sommer met die eerste probeerslag.

Sedert 1959 het hy elf keer aan die Suid-Afrikaanse toernooi deelgeneem en elke keer die titel Kaap toe gebring. Daarby

deur
Danie de Villiers

het hy ook op vyf geleenthede die snoeker- en die biljarttitels gelyktydig verower.

Hy het die W.P. biljarttitel reeds veertien keer ingepalm, die snoekertitel nege keer en albei titels tesame op dieselfde jaar agt keer. Hierdie is rekords wat vir baie jare sal staande bly.

Volgens kenners het die jonger Silvino (27) selfs meer potensiaal as sy ouboet. As in ag geneem word dat Manuel al aanbiedings gekry het om 'n beroepspeler te word, dan is dit sommer 'n groot mondvol.

Silvino het die S.A. snoekertitel in 1972 gewen, die W.P. se snoekertitel vyf keer en die biljarttitel een keer. Silvino met sy groot natuurlike aanleg en groot veggees op die groen tafel, sou heelwaarskynlik heelparty meer titels agter sy naam kon skryf, as hy net meer geleenthede gehad het om aan internasionale toernooie deel te neem.

Net om te bewys hoe hierdie twee broers die snoeker en biljart in die W.P. die afgelope paar jaar oorheers het — sedert 1961 kon net een speler, D. Porter, in 1966 in die biljart, dit regkry om 'n W.P.-titel by die Fransisco-broers af te neem.

Manuel vertrek een van die dae na Brittanje om teen die wêreld se beste amateur- en beroepspelers oor die beeldradio te speel. Hy is een van Suid-Afrika se sportmanne wat ons

land se naam oorsee hoog gehou het.

sê jou sê

Eerstehandse HEINTJE-nuus kom van René Saunders (Van Jaarsveldstraat 3, Parkdené, Boksburg, Tvl.). Sy vertel: ,,Heintje is op 12 Augustus 1956 in die klein, rustige Hollandse dorpie Bleijerhede gebore. Dit is 'n dorpie op die grens tussen Holland en Duitsland en daar is die seuntjie met die klokkestem gebore onder die teken van die Leeu. Heintje kom uit 'n baie gellukige gesin, maar 'n gesin wat ook deel van swaarkry ondervind het. Sy vader Hein Simons is 'n mynwerker. Sy moeder se naam is Hannie. Broer George (20) en sy suster Ingrid (12) is glad nie eintlik beïndruk in hul broer se beroemdheid. Hierdie nugtere mense het egter vroeg reeds geweet dat hul middelste spruit eendag naam as sanger gaan maak. Hoe kon dit ook anders, want klein Hendrik, Nicolaas, Thoedoor, soos Heintje gedoop is, sing van klein tyd af. 1968: Hy ontvang die bekende Radio Luxemburg se gesogte Goue Leeu toekenning vir sy opname ,,Zwei Kleine Sterne.'' 1969: So ook die Goue Leeu vir: ,,Ich bau dir ein Schloss.'' Desember 1969 ontvang hy die Radio Saarland se ,,Europa Statuette'' vir suksesvolle sanger van die jaar. Op 13-jarige ouderdom is Heintjie as kunstenaar gevestig en reeds miljoenêr. Peter Alexander, die akteur saam met wie Heintje werk, sê o.a.: ,,Heintje sing nie alleenlik fantasties nie, maar hy is 'n talentvolle komediant. Toe hy 14 was, het sy ma nog aan 'n Engelse verslaggewer gesê: As Heintje stout is, kry hy pak. Hy kry ook net R1,20 sakgeld per week. Daar sal nou vir die volgende 18 maande geen opnames van Heintje gemaak word nie omrede sy stembande gebreek het. Sy nuwe rolprent sal binnekort deur Kinekor behartig word onder die titel: HOERA DIE SKOOL BRAND! Die van julle wat vir die sanger in Bleijerhede wil skryf, rig julle briewe aan: Heintje, P/A Mnr. Addie Kleingeld N.K., Wal 21, Helmond, Holland.''

Hierdie foto van Min Shaw kom van Leonie Hoffman (Barclays Bank, Grovedale, Hoedspruit 1380), vir al Min se bewonderaars.

11 jaar oue Suna Möller, Salisburyrylaan 40, Westville, Natal, skryf: ,,Ek is in st. 4 en is die enigste kind dus is daar niemand wat die TINA voor my kan lees nie! My beste maat, Michelle, kry ook die TINA.''

Hoor net hoe mooi versorg Ria Viljoen van Rautenbachstraat 4, Mimosa Park, Germiston haar troeteldiere. **Ek het 'n hond (Bruno), en 'n kat (Tabby) en 'n budgie (Bonnie). Om sakgeld te kry vir hulle versorging doen ek so af en toe klein werkies. Elke maand moet iets anders gedoen word, en gekoop word, die geld daarvoor is maar min. Die hond word elke maand of wat gewas, die budgie se hokkie word gereeld skoongemaak. Dit help om die tyd verby te kry totdat die volgende TINA verkrygbaar is. (Baie bedrywighede!)**

Yolanda Prinsloo (Laurellaan 33, Virginia, Vrystaat) vertel ons van haar beste maat, Elana Myburgh. ,,Elana se stokperdjies is balet, tap, sing en klavierspeel. Myne is soortgelyk van hare. Ek spaar nou vir 'n platespeler, dit gaan goed, ek het al vier rand.'' Het Kersfees niks opgelewer nie?

Veronica Olivier woon sommer baie lekker in Begoniaweg 11, De Hoek, want sy skryf: ,,Ons het drie jaar gelede na De Hoek gekom en ek het baie lief geword vir dié klein plekkie. Dit is eintlik net 'n sement-fabriek met sestig huise, maar daar word baie vir die kinders gedoen. Daar word partytjies gereël, waatlemoenfeeste, en Kersfees kry ons elkeen 'n present van ons eie keuse soos bv. kamera's, projektors, visstokke, ens.''

,,Ek wil jou graag aan my boetie voorstel,'' sê Madeleine du Plessis, Roedolflaan 146, Clubview-Oos, Verwoerdburg. ,,Hy is 'n blondekop met blou oë. En praat van baklei, nog gister aand het hy weer begin, ek spring toe sommer op hom af en raai wat. Ek stamp teen hom en toe, toe spring sy tand uit. Hy begin huil my ma praat op die telefoon en ek gaan aan't giggel wat 'n geraas eers na 'n rukkie is daar stilte. Nou ja, ek wou nog sê hy is 6 jaar en in graad 1.'' Hy laat my baie aan mý kleinboet dink, Madeleine!

Maretha van Niekerk, Possak X986, Upington, skryf. ,,Ons bure het 'n groot swart kat, Moses. Hulle het nog 'n klein hondjie en nou is die kat jaloers. Nou kom bly hy by ons. Ek is baie lief vir hom, maar my ma ongelukkig nie. Ons het nog twee honde en 'n voël.''

Maatjie Carolina Smit, Braemerweg 6, Groenpunt, Kaap wil graag eendag 'n modeontwerpster of ,,Dieredeskundige'' word. Verder vertel sy: ,,Ons was laas in die vakansie in High Noon dit is net soos 'n wildtuin en het aan die Jagluiperd gestreel.'' Brr . . .!

Die twee ,,Ricksha's'' op die foto is Anette Buitendag van Beatricelaan 45, Homelake, Randfontein en haar vriendin wat so lekker konsert hou. ,,Ek en my

vriendin het niks gehad om te doen nie, toe besluit ons ons sal 'n konsert hou. Elkeen van ons het gou die aand elkeen 'n paar programme gemaak en nog 'n paar kinders gevra om deel te neem. Erika en ek het kitare in die hande gekry en hard begin oefen om te sing. Ons twee was 'Die Ricksha's'. Ek sluit 'n foto in waar ons sing en kitaar speel. (Ons kan nie speel nie, het net so gemaak!)''

Hoor net die oulike plan wat Jakobie Erasmus van Woltemadestraat 19, Vanderbijlpark, het. ,,Ons trek Desember Newcastle toe. My pa het bevordering gekry. Ek gaan daar 'n soort van 'n hotel vir diere probeer stig. Die mense kan dan hulle honde, katte of voëls daar los vir die vakansie. Hulle sal 'n klein sommetjie geld moet betaal want ek sal tog vir die diere moet kos koop. Ek maak nou al geld bymekaar. Ek is oor diere net so mal as oor die TINA.'' Hoop jou onderneming slaag, Jakobie.

DOORTJIE



UITGEGEE EN VERSPREI DEUR NASIONALE TYDSKRIFTE BPK., LEEUWENSTRAAT 1, KAAPSTAD, IN SAMEWERKING MET DIE DRUKKERS, OBERON B.V., HAARLEM